# Kalahari Jagters se 14de wildveiling

Op 5 tot 6 Mei 2000 bied hierdie aktiewe vereniging sy wildfees en veiling aan by die Kuruman Skougronde.

'n Rekordprys vir 'n Kalahari springbokram is verlede jaar behaal van R1 750. Hierdie omgewing is bekend vir sy springbokke en gemsbokke.

Hierdie naweek van 5 tot 6 Mei moet aangeteken word in al die dagboeke, want dan word daar feesgevier soos net die Kalahari-mense kan doen. Van heinde en verre kom kopers en verkopers bymekaar. Uitstallers en vermaaklikhede doen moeite om almal tevrede te stel. Kameelritte is jaar na jaar 'n groot hoogtepunt. In die verlede was die besoekerstal so hoog as sesduidend. Dit is 'n aanduiding van die gewildheid van hierdie fees.


Die vereniging bestaan uit 300+ lede en Ronnie Viljoen is reeds 11 jaar voorsitter. Elke jaar groei dit van krag tot krag. Hierdie vereniging is trots op sy jaarprogram (29 byeenkomste vir 2000 beplan) en beskik oor die mooiste fasiliteite denkbaar. Alles gebou en tot stand gebring deur harde samewerking onder die lede.

Binne-in Kalahari Jagters- en Wildbewaringsvereniging huisves die manne nog 'n Jaggeweer-skietvereniging wat baie bedrywig is. Gereelde oefening leer die manne om fyn te knyp. Gereelde kompetisies vind maandeliks plaas. Agv hierdie oefeninge is die manne van die Kalahari vennote van hulle gewere. Dit het hulle reeds bewys vanaf 1997 toe Oom Nico Maass die Nasionale groeperingskampioen was. Dieselfde jaar het drie ander lede by name Rheeder van Wyk (.270), Herman Muller (.243) en Ronnie Viljoen (30-06) die beste gevaar in die afsonderlike kalibers oor die land.

Hierdie jaar op 5 Februarie 2000 het Ronnie Viljoen 'n knapskoot-groepering geskiet van 3.79 mm met sy .308. Dit is bewys dat as jy jou wapen wil ken, moet jy oefen. Dit is egter nie die eerste keer dat hy so 'n groepering geskiet het nie, hy het dit al tydens nie-amptelike oefening ook reggekry. George Cross het ook tydens die Pro-Amm borgdag daarin geslaag om die 7 X 57 rekord te verbeter na 9.02mm.

Die lede is trots om te behoort aan Kalahari Jagters- en Wildbewaringsvereniging. Dit is manne wat kan saam-skiet, saam-lag, saam-praat en saamwerk. Ja, dit is manne van formaat.

Indien u meer te wete wil kom rondom die bedrywighede skakel gerus met die kantoor by tel: 053-712 0910. ■



Ronnie Viljoen (links) en Johan Kruger, bemarkingsbestuurder van PMP by die skyf met Ronnie se rekordskoot.

# Veilingsomset daal

Die katalogusveiling van die Transvaalse Wildvereninging, die eerste veiling van 2000, is gekenmerk deur 'n trae aanvraag na die algemene spesies en 'n daling van bykans R2 miljoen in omset. Belangstelling by die skaars spesies was sterker.

Willie Roux, Vleissentraal se puik afslaer, sê daar vind nou gereëlde veilings dwarsdeur die wildgebied plaas en dat baie kopers verkies om eerder plaaslik aan te koop.

**Gemiddelde wildpryse Transvaal Wildveiling – 19 Februarie 2000**

| Spesie | Aantal | Gem.(R) | Laagste(R) | Hoogste(R) | Omset(R) |
|---|---|---|---|---|---|
| [illegible]sbok | 100 | 643 | 600 | 700 | 64 250 |
| Blouwildebees | 30 | 1 900 | 1 900 | 1 900 | 57 000 |
| Buffel (teelgroep) | 6 | 130 000 | 130 000 | 130 000 | 780 000 |
| Buffelbul | 1 | 46 000 | 46 000 | 46 000 | 46 000 |
| Gemsbok | 10 | 3 590 | 3 100 | 3 800 | 35 900 |
| Kameelperd teel | 6 | 11 000 | 11 000 | 11 000 | 66 000 |
| Kameelperd bulle | 2 | 8 000 | 8 000 | 8 000 | 16 000 |
| Koedoe | 7 | 1 323 | 1 100 | 1 600 | 62 200 |
| Livingston eland | 8 | 13 000 | 13 000 | 13 000 | 104 000 |
| Njala | 7 | 8 600 | 8 600 | 8 600 | 60 200 |
| Renoster wit | 10 | 132 700 | 105 000 | 145 000 | 1 327 000 |
| Rooiribbok | 20 | 975 | 950 | 1 000 | 19 500 |
| Rooibok | 100 | 600 | 550 | 650 | 60 000 |
| Rooihartebees | 28 | 2 550 | 2 400 | 3 000 | 71 400 |
| Springbok Hartwater | 31 | 2 583 | 2 500 | 5 100 | 80 100 |
| Swartwitpens | 10 | 61 800 | 60 000 | 66 000 | 618 000 |
| Volstruis | 7 | 1 200 | 1 200 | 1 200 | 8 400 |
| Waterbok | 10 | 3 000 | 3 000 | 3 000 | 30 000 |
| Sebra | 21 | 2 066 | 2 000 | 2 100 | 43 400 |
| Aantal | 414 | | | | |
| Omset | R3 549 350 | | | | |

# Transvaalse Wildvereninging hou jaarvergadering

Die Transvaalse Wildvereninging het op 18 Februarie 2000 'n seminaar en jaarvergadring by die Voortrekkermonument gehou.

Die opening en verwelkoming is deur die voorsitter Prof Theuns Eloff gedoen, waarna mnr Piet du Plessis met die wildboere sy gedagtes oor die waardetoevoeging tot wildprodukte gedeel het.

Ander sprekers by die seminaar was mnr Lampies Lambrechts, wat oor die wildboerdery se klemverskuiwing vanaf produsent na bemarker gesels het, mnr Krappies Els wat oor die wildboerderybedryf se rol in die gemeenskap gepraat het en me B Shuttleworth wat die boere vertel het hoe om 'n doeltreffende boekhoustelsel te bedryf. Dr Lucas Potgieter het gepraat oor reklame vir 'n wildplaas, terwyl mnr Ronnie Rowland die vryskut-beroepsjagter se rol bespreek het. mnr Attie Botha het gepraat oor opleiding en die nuwe heffingstelsel.

Die Bastergemsbokstudiegroep het in die ingangsportaal vergadering gehou.

Dr André Louw, hoofbestuurder AgriBesigheid van ABSA, het 'n borgskaptjek van R20 000 aan mnr Piet Du Plessis en Prof Theuns Eloff van die Transvaalse Wildvereninging oorhandig. "Die borgskap en geld uit die opbrengs van die Transvaalse Wildveiling gaan, onder andere, aangewend word om die wildbedryf, en veral die produkte en dienste wat die wildboerbedryf bied te bevorder en om navorsing te finansier."

The Esteemed KZN Nature Conservation Service & the Honourable Stockowners Auctioneers

will hold

# THE 2000 KZN GAME AUCTION

## - The Greatest Sale on Earth -

On This Day, 24 June at 11:00 Sharp
At the Convivial Hluhluwe Rugby Club
Deep in the Wilds of Zululand, KZN, Sunny South Africa.

## Featuring,

the following mighty beasts on offer from
The KZN Nature Conservation Service:

**LIVE AUCTION:**
**6 BLACK RHINO,**

**13 Eland, 16 Giraffe, 18 Kudu, 195 Nyala, 30 Ostrich, 27 White Rhino, 10 Waterbuck, 18 Blue Wildebeest and 12 Zebra,**

while not forgetting these splendid specimens also offered

**ON CATALOGUE:**

**98 Blesbok, 25 Bushbuck, 45 Eland, 42 Giraffe, 60 Red Hartebeest, 1212 Impala, 82 Kudu, 40 Reedbuck, 76 Springbok, 90 Warthog, 361 Blue Wildebeest and 38 Zebra.**

PLEASE BEAR IN MIND THAT NUMBERS AND SPECIES ARE SUBJECT TO CHANGE AND TERMS ARE STRICTLY CASH OR BANK GUARANTEED CHEQUES ON THE DAY OF SALE MADE OUT TO STOCK OWNERS CO-OP LTD.

AND You may enjoy the Splendid Opportunity of

## "Special" Discounts of up to R60 000!

**AUCTION ENQUIRIES:**

**KZN NATURE CONSERVATION SERVICE:**
Mark Cooke: Tel (033) 845 1396 (OH), Cell 082 452 7887.
Eugene Geel: Tel (033) 845 1397 (OH), (033) 961 272 (AH), Cell 082 898 5306, Fax (033) 845 1748.

**STOCK OWNERS:**
Gerald Wiesner: Tel (033) 330 7470 (OH), Cell 082 886 6427, Fax (033) 330 7118.
Brandon Leer: Tel (033) 330 7470 (OH), (033) 343 4530 (AH), Cell 082 570 5863.

This Legendary Sale, which, in variety, quantity and sheer splendour, promises to bring joy to the heart and pens to the chequebooks.

**SO DO NOT RESIST THESE ELEGANT OFFERS AS THIS AUCTION WELCOMES BUYERS OF ALL SHAPES & SIZES.**

KZN NATURE CONSERVATION SERVICE

STOCKOWNERS VEEBOERE